**LECTIO DIVINA - 'N ANDER MANIER VAN BYBELLEES**

Oorwegend lees ons die Bybel om inligting te kry oor hoe om 'n probleem op te los, om vas te stel wat reg en verkeerd is, of om vas te stel hoe ons moet optree. Hierdie manier van lees maak soms dat ons haastig is en nie ingestel is op die ware bedoeling van verse soos: "...laat God julle verander deur julle denke te vernuwe..."(Rom 12:2).

Vergelyk die twee kolomme hieronder. Is jou manier van Bybellees oorwegend informatief? Die bedoeling van ons omgang met God en Sy Woord is die transformasie van ons lewe. Daarom is daar nie 'n reg of verkeerd te kies tussen die twee kolomme nie, ons moet eerder beide beoefen.

| INFORMATIEWE | FORMATIEWE |
|---|---|
| 1. Lees met die verstand om te begryp | Lees met die hart om te ontvang |
| 2. Kwantiteit | Kwaliteit |
| 3. Verstaan | Luister |
| 4. Haastig | Wag |
| 5. Inligting (informasie) | Transformasie |
| 6. Om kennis te versamel | Verhouding: om iemand te leer ken |
| 7. Beheer | Broos |
| 8. *Doing* | *Being* |
| 9. Funksioneel – Bybel is 'n hulpmiddel | Verhoudings – Bybel = stem van God |

***LECTIO DIVINA*** is 'n Latynse uitdrukking wat letterlik beteken: Goddelike lees. Lectio is 'n praktyk wat uit die vroeë kerk kom. Dit is 'n praktiese en ongeklompiseerde manier om jouself gereed te kry ten einde werklik na God se stem te luister soos wat dit uit die Bybel aan ons gebring word.

**WORD STIL -** Kom tot rus in die wete dat God teenwoordig is. Probeer om elke keer op dieselfde plek die oefening te doen, dit help om te rus. Die volgende twee tekste help nogal baie hiermee: "Net by God vind ek rus..." (Ps 62:1). "...Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld" (Mat 28:20). Probeer om eers werklik te rus in God se teenwoordigheid voordat jy die Skrif lees.

**LEES DIE SKRIFGEDEELTE (*Lectio*) -** Vra die Gees van God om met jou te praat. Lees die Skrifgedeelte hardop indien nodig. Probeer verstaan wat jy lees.

**MEDITASIE / REFLEKTEER (*Meditatio*) -** Lees die Skrifgedeelte 'n tweede maal.
• Hoe word jou lewe geraak deur wat jy lees?
• Watter vers, woord, moment of beeld staan vir jou uit en bly by jou?
• "Bly" nou in die vers, woord, moment of beeld en luister na wat God vir jou sê. Dit kom nie altyd maklik nie, maar probeer net fokus op die vers, moment of beeld en wag dat dit inkom in jou lewe en jou begin vorm. Dit is verkieslik dat jy hier ruim tyd gee. Skryf neer wat jy hoor/ervaar.

**PRAAT (*Oratio*) -** Lees die Skrifgedeelte 'n derde keer as 'n gebed. Praat met God op grond van wat jy gehoor het.

**RUS / OORDENKING (*Contemplatio*)** - Rus en wag op God in stilte net om te kan luister. Dit is nie nou 'n tyd vir nuwe gedagtes nie, maar wel vir rustige "oordink" van wat jy gelees, gesê en gehoor het.

**AKSIE (*Operatio*)** - As jy gereed is daarvoor vertel vir iemand wat jy gehoor het.

(Geskoei op Robert Mulholland se boek "*Shaped by the Word*")